# Markus 8:27-38 **Leef jou Roeping** **Londen, 22 Maart 2015**

Leef jou roeping **slide**

Kinders en kruise – ***Van watter kruis hou jy die meeste?*** *Sal jy saam met jou dra heeldag...*

**Skriflesing en prediking slide**

Uitdaging om ons roeping teleef begin by ons belydenis: **"Wie sê jy is Jesus?" slide**

**As ons verklaar dat Jesus ons Christus is** – verlosser, enigste een wat red, heilige, magtige, God, wat commited is aan my en alles van my ken - dan is die noodwendige volgende stap dat ons dieselfde pad as Hy moet loop, ons **kruis opneem en Hom volg** en sterf... agter Jesus aanloop, die voorbeeld van Jesus volg, wees soos Hy was...

Duidelike opdrag van **v 34**: ***"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en my volg..."***

Baie lief vir die uitdrukking **"What would Jesus do?" slide**

Eerlik: moelik om dit voluit te volg... water sommige van sy opdragte en voorbeelde maklik af...

Beteken seker nie dat ek werklik hoef dood te gaan nie? Ja, dit beteken dit...

Ons is **nie baie gek oor hierdie idee van lyding en sterf nie** – al is ons hoe toegewyd (soos Petrus) en uitverkoop aan die saak van Jesus – ons struikel baie keer oor hierdie hekkie

"Die Here is goed en ons sal glo as sake vir my uitwerk, as dit goed gaan, as ek kry waarvoor ek vra... op 'n vreemde manier hou ons God ransom... HY moet eers bewys hoe goed en groot Hy is en dat H red en sorg, dan sal ons Hom vorentoe vertou... *en ons doen dit oor en oor*...

Is meer gemaklik dat Jesus my kruis dra...

**Ons hou nie van kruis dra nie... slide**

**Water dit af**... maak dit vinnig betrekking op my swaarkry – sake wat ek soms self voor verantwoordelik is, enige ongemak of persoonlike krisis – wat eintlik gemik is op my gemak en voorspoed...

(skokkende storie van pastoor wat God vertrou vir 'n learjet...)

Wat ons baie goed moet verstaan, is die **geweldige diepe betekenis** van hierdie vrywillige opdrag:

Want **kruisdra impliseer doodgaan** – Jesus het sy kruis gedra na Golgota waar Hy gekruisig is... met die volle impak van wat op Gologota gebeur het, sy lyding,

hoogtepunt:God- en mens-verlatenheid...

Dis **seker nie wat die Here hier werklik bedoel** vir ons elkeen nie? Dat doodgaan die plan is nie...

**Soos Petrus wil ons dit keer** – en dan staan ons in God se pad – **v 33**!

Selfs die goeie sterk, gelowige Rots Petrus kan nie sien hoe die Messias kan ly nie – pas net nie in ons prentjies van God nie, in goeie geselskap...

En Jesus weet dat die **die Satan se werk is om ons terug te hou** van lyding en kruisdra en sterf, van 'n geloof wat net dalk meer vra as wat ek bereid is om te gee...

Storie van man wat sy swaar kruis kleiner sny en dan sink dit en hy verdrink as hy oor rivier daarmee moet gaan...

Ons wil dit bietjie makliker hê...

**Om ons kruise te dra is volledig deel van Christenskap** – van die begin af die bedoeling, as dissipelskap NB is kan ons nie die evangelie afwater tot 'n emosionele kruk om ons beter te laat voel en te troos in moeilike tye en om die lewe maliker te maak nie

'n handvatsel aan die kruis gesit om dit maklker en meer gemaklik te maak om te dra...

Dan het ons vergeet wat die kruisiging van Jesus beteken het – **'n simbool van** skande, verwerping, van swaarkry, pyn en lyding, van sonder God wees...

**Bonhoeffer – "When Christ calls a man, He bids him: Come and die!"** **slide**

**Elke gelowige word geroep tot kruis dra... Prakties? slide**

**Waarvoor sterf Jesus?** Hoekom aan 'n kruis?

**= opdrag om ander te vergewe, click Jesus sterf tog vir ons sonde!!** En as ek dan kruis dra, dan beteken dit dat ek moet vergewe soos ek vergewe is... massive! Ander se sonde op my neem, soos Christus my sonde op Hom geneem het

Nie maklik nie, swaar en moeilik... ander wang draai, nie terug slaan, kwaad met kwaad vergeld nie... vergewe 70 x 7, oor en oor

*Sien dat dit selfs vir hulle wat die heel naaste aan Hom was baie moeilik was om te verstaan - Een van die groot raaisels is hoe dit moontlik is dat Petrus pas tevore, in vers 29, die suiwerste belydenis denkbaar oor Jesus se identiteit, kon uitspreek, maar net daarna Jesus so misverstaan dat hy Hom selfs berispe en hom vasloop in Jesus se kras teregwysing...*

**= Jouself verloën**, **click** gaan nie oor jou nie, **sterf in jouself** en jou selfsug, leef nie meer net vir jouself nie, ek stap nie meer my eie pad nie, volg nie meer my eie kop nie... **v 34,**

**Niks is belangriker in my lewe as my verhouding met Jesus Christus nie** – gehoorsaamheid en getrouheid aan Hom is NBste

Elke opdrag van Jesus, is 'n uitdaging en opdrag om te sterf in onsself... elke dag...

kruisdra... kom nie vanself en is nie gemalik nie, gaan altyd in stryd wees met ons eie gemak en selfsug en eie wil en planne en gaan altyd meer vra as wat ek wil gee...

**=** Die **evangelie** raak belangriker as ekself – **v 35**, **click** die Bybel word my werklike riglyn, maatstaf, bron en rigsnoer van alles in my lewe

**Opstaan vir en staan by en leef vanuit die evangelie**, nie skaam wees daarvoor nie – **v 38** – lyding en verwerping beleef ten koste van die rol van die evangelie in jou lewe...

Watter rol speel God se Woord in jou lewe? Hoe Nb is dit vir jou om aan die Here gehoorsaam te wees?

= Wins en voordeel **wat die wêreld bied**, **click** kan nie lewe gee nie – **v 36** – moenie jou sekuriteit, selfwaarde en hoop daarop plaas nie... **v 37**

**Gaan jou teleurstel**, bly tydelik...

**Uitdaging is om God te vertrou** – bring ons gereeld magteloos en afhanklik op ons knieë – en dit is waar ons keer op keer in onsself moet sterf, onsself en ons motiewe eerlik in die oë moet kyk en hard eerlik met die Worod en Gees gekonfronteer word

**Ironie van geloof, vreemde wiskunde van die evangelie** – werk sterk met teenoorgesteldes: dit is in doodgaan dat ons nuwe lewe ontdek, **slide**

As jy jou lewe verloor en weggee, sal jy die lewe vind,– terwyl die een wat sy lewe wil behou (en die rykdom van die aarde wil beërwe) sy lewe as sinloos en betekenisloos en leeg sal verloor...